# G1 - Drie Eenheid

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor die Drie Eenheid.

**Ysbreker:**

- **Drie in een outfits:** Die groepe kry elkeen die volgende items klere: serp, hoed, brille. Hulle moet nou 3 maniere wys hoe hulle die drie items klere as 'n geheel kan dra om een "outfit" te maak.

Ons gaan hierdie kwartaal meer van God leer. Ons gaan begin met die Drie Eenheid en van daar gaan ons verder van God die Vader leer. Ons het mos 'n nuwe naam vir ons groep en so het God ook baie name wat ons help om Hom beter te leer ken. Soos ons nou kan hoor uit Drie Eenheid, bestaan dit uit drie lede – God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees.

Daar is wel baie mense wat bietjie deurmekaar raak. Christene glo in slegs een God, maar tog is daar drie persone, die Drie Eenheid.

Drie in een klink heel snaaks. Ons kan nie heeltemal verstaan hoe dit kan werk nie en dis heel ok. Wanneer dit by God kom, sal ons nooit als verstaan nie en dis hoe dit moet wees. God is ver groter as enige iets wat ons ooit kan dink. Mense wat dink hulle kan als verstaan, mag dalk 'n gevaar loop om iets belangrik te mis.

So vandag is daar 'n illustrasie en ek het drie helpers nodig.

Eerste persoon sal meel vashou, volgende sout en laaste een water.

Wys na koppie met meel in. Kom ons sê hierdie koppie meel stel God die Vader voor. Wit laat ons dink aan reinheid. Ons weet dat God rein is. (kind gooi meel in bak).

Volgende is die sout. Kom ons imagine dat hierdie sout vir Jesus voorstel. In Mattheus 5:13 sê Jesus vir ons dat ons die sout van die aarde is, met ander woorde ons moet geur bring in hierdie wêreld deur ander van God te vertel. Ons weet dat Jesus beslis die ultimate voorbeeld is van hoe om sout te wees. Hy is die oorspronklike sout. (kind gooi sout in bak).

Laaste is die water. Kom ons dink nou aan die water as die Heilige Gees. Water word baiekeer in die Bybel gebruik om gees voor te stel. (kind gooi water in bak).

Meng als goed saam. Is die sout nog in die bak? Is die meel nog in die bak? En die water?

Ja, al drie die bestanddele is steeds in die bak, maar ons het nou een ding gemaak van dit. Kan julle vir my sê wat? Ons het deeg gemaak. Dis nou een ding, maar tog is al drie die bestanddele steeds daar.

So in kort, is dit 'n basiese manier om aan die Drie Eenheid te dink. Drie in een. Definitief drie en ook definitief een.

Sluit af in groepe met gebed.